

DIALOGUE 1.

SAMESPRAAK 1.

- Where do you come from ? *Waar kom jy fandaan ?*
- I come from the village. *Ek kom fan di dorp af.*
- What village is that ? *Watter dorp is dit ?*
- It is called Doornhoek. *Dit heet Doornhoek.* X
- How far is it ? *Hoe fer is dit ?*
- Three miles. *Dit is dri myl.* X
- Is this the right road ? *Is dit di regte pad ?*
- Yes, go straight on. *Ja, gaan mar reguit.* X
- Is the road good ? *Is di pad goed ?*
- Yes, very good, but just before you come to the drift there is a bad place, very muddy, where you will have to go round by the field. *Ja heel goed, mar net foordat jy an di drift kom, is 'n slegte plek met baie modder, daar moet jy feld inloop.*
- There is a drift on the road, then ? *Daar is dus 'n drift op di pad ?*
- What is the name of the river ? *Hoe heet di rivier ?*
- It is not a river, it is only a small stream ; I do not think it has a name. *Dit is g en rivier ni, dis mar 'n klyne spruitji ; ek ni glo ni dat dit 'n naam het.*
- Is it difficult to cross the drift ? *Is dit moeilik om o'er di drift te kom ?* X

No, it is quite easy just now, there are plenty of stepping stones to cross by. *Né, dis net nou als te maklik; daar is baing klippiis om op te trap.*

In the rainy season you cannot walk by this road, you must ride. *In di re'entyd kan jy ni op di pad loop ni, jy moet mar ry.*

DIALOGUE 2.

SAMESPRAAK 2.

Is this your house? *Is dit jou huis?*

No, ours is the one with the white gate, on the other side of the road. *Né, di ander-di met di witte hek, anderskant fan di pad is onse.*

Ah, I see, it has a large garden in front. *A, ek siin al, daar is 'n grote tuin voor.*

Yes, and there is a larger one behind, it reaches as far as the river. *Ja, en ons het 'n grotere agter, dit raak net an di riftir.*

There are two fine oak trees by the gate. *Daar staan twe mooie ykebome by di hek.* ✕

Yes, my father planted them fifty years ago. *Ja, myn fader het di voor fyftig jaar geplant.*

Will you come in? *Wil jy mar binne kom?*

What a beautiful place. Your verandah is covered with roses. *Wat 'n mooie plek. Jou stoep is heeltemaal met rose begroei.*

They are flowering nicely
now after the rain;
last spring we had no
rain for three months,
and then everything
was dried up.

*Hulle bloei nou mar reg
mooi na di re'en; ferle
jaar het ons in di voor-
jaar in dri maande g'en
re'en gehad ni, en toen
is alles opgedroog.*

Come in out of the hot
sun, and sit down in
the verandah.

*Kom tog mar binne uit di
heete son, en gaan op di
stoep sit.*

Ah, how cool it is here,
and how sweet the
roses smell.

*A, dis mar lekker koel
hiir, en wat ruik di rose
heerlik.*

We are very fond of sit-
ting here in summer.

*Ons sit hiir baing graag
in di somer.*

Is it very cold in the
winter?

*Is dit baing koud hiir in
di winter?*

Sometimes it is very cold.

Dis soms danig koud.

DIALOGUE 3.

SAMESPRAAK 3.

What fruit have you in
the garden?

*Watter soorte fan frugte he
jy in jou tuin?*

We have oranges, lemons,
grapes, peaches, apri-
cots, pears, quinces,
apples, pomegranates,
guavas, pampelmoes—

*Ons het lamoens, sure
lamoens, druiwe, perskiis,
appelkose, pere, kweepers,
appels, granaat-appels,
koejawels, pampelmoes—*

What is pampelmoes?

Watter is pampelmoes?

This is the tree. We have not very many here, they do better in Natal.

Dis di boom. Ons het ni feul daarfan hiir ni, di groei beter in Natal.

Ah! I know them, we call them shaddocks in English. I do not care for them.

Ag! ek weet al, ons noem di shaddocks in di Engels. Ek hou daar ni fan ni.

Did you ever taste the preserve made of them?

Het jy ooit di konfyt geproef wat daarfan gemaak word?

No, I do not know it; is it like marmalade?

Né, dit ken ek ni, lyk dit op marmalade?

No, not like your English marmalade; we cut the fruit in pieces and preserve it in syrup. It is very good.

Né, ni op jou Engelse marmalade ni, ons sny di frugte in stukkiis en dan maak ons dit in stroop in. Dis als te lekker.

Are there any oranges on the trees?

Sit daar oek lamoens an di bome?

There are still a good many, and you see the trees are flowering again.

Nog 'n hele party, en di bome bloei al weer, soos jy siin.

Yes, I see the flowers and smell them; how sweet the orange-blossom is.

Ja, ek kan di blomme siin en ruik; dis als te heerlik.

Yes, and it is very pretty, and the pomegranate-flower too. *Ja, en dis baing mooi oek, en di granaatappel-blomme is oek mooi.*

Do you like pomegranates? *Hou jy fan granaat-appels?*

Not much, and they are tiresome to eat because of the seeds. And guavas I think sickly; but I am very fond of pears and peaches. *Né, ni feul ni, en dis als te lastig om hulle te eet om di pitjiis. En koe-jawels find ek tog mar als te flau, mar ek is heeltemal sot op pere en perskiis.*

It is a pity the peaches are over, I would have picked you some. *Dis mar jammer dat di perski - tyd ferby is, anders sou ek 'n partytji fer jou gepluk hê.*

DIALOGUE 4.

SAMESPRAAK 4.

What vegetables do you grow? *Watter soorte fan groente groei hiir?*

We have nearly all the European ones: peas, beans, potatoes, carrots, turnips, onions, cabbages, cauliflower, lettuce, spinach, tomatoes, vegetable-marrows, cucumbers— *Ons het byna al di Europeese groente soos: ertjiis, boontjiis, artappels, worteltjiis, rape, uiwe, kool, blomkool, sla, spinasi, tammatiis, murg fan groente, komkommers—*

Ah and pumpkins too, what big ones! *En oek pompoens, watter grote!*

You see we have the river close by, and it never dries up. If it were not for that, we could not keep many plants alive through the summer.

Soos jy siin het ons di rifir heel dig by, en dit loop nooit droog ni, anders sou ons ni feul plante in lewe hou ni in di somertyd.

Then you get your rains in the winter?

Re'ent dit hiir dan in di winter?

Yes, it is not so in Natal. There the rain comes in the summer.

Ja, dis anders as in Natal; want daar kom di re'en in di somer.

But you too have your summer when it is winter with us in Europe?

Mar julle somer hiir fal tog oek as dit by ons in Europa winter is?

Yes, in that the two countries are alike, but we have a dry summer and they a wet one.

Ja, daarin is di twe lande gelyk, mar ons het 'n droge somer en hulle 'n natte.

DIALOGUE 5.

SAMESPRAAK 5.

Has the butcher sent the meat?

Het di slagter di frys gestuur?

No, ma'am, it has not yet come.

Né, juffrou, dis nog ni gekom ni.

It will be too late for dinner, we cannot have it to-day. Tell Piet to kill two fowls.

Dit sal te laat kom fer di dinner, ons kan dit fan-dag ni gebruik ni. Sê fer Piet hy sal twe hoenders slag.

Will you have them roasted or boiled, ma'am?

Wil juffrou di gebraai of gekook hê?

You can roast them. Then you must boil some rice.

Jy sal di mar braai. En dan moet jy wat rys kook.

Do you want green peas, ma'am?

Wil juffrou oek groene ertjiis hê?

Miss Katie brought in this basket and said they were to be for dinner.

Miss Kaatji het dit mandji saamgebreng, en sy sê dis fer dinner.

Yes, we will have them. They are not shelled yet.

Ja goed, dan sal ons di mar gebruik. Mar di is nog ni gedop ni.

No, ma'am, Piet can do them when he has killed the fowls.

Nê, juffrou, Piet kan dit mooi doen as hy di hoenders klaar geslag het.

Good, but see that he does not waste his time.

Dis goed, mar dan moet jy toekyk dat hy gên tyd fersuim ni.

What pudding will you have, ma'am?

Watter soort fan podding wil juffrou hê?

I will make a pineapple cream ; you shall see how it is done.

Ek gaan 'n room-ananas maak. Jy kan mar toekyk hoe dit gaan.

Thank you, ma'am, I shall like to know how to make those nice English puddings.

Danki, noi, ek sal danig graag leer om di lekker Engelse poddings te maak.

Did you never taste plum pudding ?

Hê jy nog nooit plum-pudding geproef ni ?

Yes, ma'am, I have tasted it once. Ah, that was good.

Ja, noi, ek het dit eenmaal geproef. Ag, dis als te lekker.

Well, I will make one at Christmas.

Nou goed met Kersmis sal ek een maak.

DIALOGUE 6.

SAMESPRAAK 6.

Why is breakfast not ready ?

Waarom is di brekfis nog ni klaar ni ?

I have not been able to light the fire, ma'am.

Ek het di fuur ni kan ankry ni, noi.

Why not, have you no wood ?

Waarom ni, hê jy dan gén hout ni ?

It is green wood, ma'am, it will not burn.

Niks as groene hout, noi, dit wil ni brand ni.

Have you no other ? There is a packing-case in the verandah, I will tell Jan to chop it up at once.

Hê jy dan gén ander ni ? Daar is 'n kissi op di stoep, ek sal fer Jan sê dat hy dit gou-gou klyn hak.

That is right Jan, take
this wood down to the
kitchen quickly. You
can finish breaking up
the box afterwards.
Tell Jim to be quick.

Is the kettle boiling ?

Where are the eggs ? I
hope they are good.

I do not know how to tell
if they are good.

Give me a basin of water
and I will show you.
This is a bad one, it
floats. If they are good
they sink to the bottom
of the basin. Why,
they are all bad. Who
brought these in ?

The new boy, ma'am.

He is the stupidest boy I
ever knew. I expect
he took the eggs from
under a sitting hen.

Shall I send a boy to look
for fresh eggs, ma'am.

*Dis regte goed Jan, draag
di hout fluksiis na di
kombuis toe. Jy kan
straks di res fan di kissi
klyn maak. Sé fer Jim
dat hy gou klaar maak.*

Kook di water al ?

*Waar is di y'ers ? Ek
hoop hulle is goed.*

*Ek kan ni siin ni of hulle
goed is.*

*Gé fer my 'n kommetji
met water, dan sal ek
fer jou dit lat kyk. Dit
hiir is 'n slegte y'er, dit
dryf op di water. As
di y'ers goed is dan sink
hulle na di bodem.
Wat-nou, hulle is alte-
mal sleg. Wi het di
binne gebreng ?*

Di nuwe jong, noi.

*Hy is di stomste jong wat
ek ooit gesiin het. Ek
denk hy het di y'ers
onder 'n broeiende hoen-
der weggeneem.*

*Wil noi ek sal 'n jong
stuur om ferse y'ers te
soek ?*

No, it is too late. You had better open a tin of tongue. *Nê, dis nou te laat. Jy moet mar liwers 'n tin-netji (or blikki) tong ope maak.* 7

Where is Jan? I will get one out of the store-room, and send him up with it. *Waar is Jan nou weer? Ek sal mar een uit di spens kry en dan sal ek hom daarmee na bo stuur.* 7

Well Jan, what have you got there? *Nou dan Jan, wat het jy daar?*

I have found some eggs, ma'am. Three in the grass behind the stable, and two in the manger. *Ek het y'ers gefind noi. Dri in di gras agter di stal, en twe in di trog.*

They were not there yesterday. *Di was gister nog ni daar ni.*

They must be quite fresh, you can boil them, Jim. *Hulle is seker heeltemal fers, jy kan di mar kook Jim.*

DIALOGUE 7.

SAMESPRAAK 7.

I do not feel well. *Ek foel my ni goed ni.*

What is the matter? *Wat skeel jy dan?*

My head aches. *Ek het kopseer.*

You look ill. Do you feel hot? *Jy lyk danig siik. Is jy erg warm?* 7

No, I have been shivering all the afternoon. *Nê, ek het di hele agtermiddag gebeef.* X

You did not eat anything for dinner. *Jy het fan middag niks geëet ni.*

I cannot eat. The sight of food makes me feel sick. *Ek kan ni eet ni. Dit maak my siik om di kos mar te siin.*

Have you any other pain? *Hê jy nog ander pyn oek?*

Yes, my back aches, and my arms and legs. I have pain all over. *Ja, ek het pyn in myn rug, en in myn arme en bene. Alles doen my pyn.*

Let me take your temperature. *Laat my jou temperatuur neem.*

How will you do that? *Hoe sal jy dit doen (or maak)?*

You must put this thermometer into your mouth, thus. *Jy moet di termometer in jou mond steek, so.*

How long must I keep it so? *Hoe lank moet ek dit daar hou?*

You must not speak, or you will let it fall. *Jy moet ni praat ni, anders laat jy dit nog fal.*

You must keep it in your mouth for two or three minutes. *Jy moet dit dri of fir minuutjiis in jou mond hou.*

Now give it to me. I see you have fever. Your temperature is 102. *Gê dit nou mar fer my. Jy het di koors. Jou temperatuur is 102.* X

Will you give me some quinine? *Wil jy fer my 'n bitji kinini gé?*

Not now. You must go to bed at once, and you had better have a hot-water bottle. *Né, noggeni. Jy moet fluks bed (or kooi) toe, en jy sal mar 'n warme bottel saam fat.*

We must do everything possible to make you perspire. *Ons moet alles molike doen dat jy sal gaan sweet.*

Herb-tea is a good thing for that. *Kruie-té is daar danig goed foor.*

I will tell Sannie to make you some. *Ek sal fer Sanni sé dat sy dit fer jou klaar maak.*

DIALOGUE 8.

SAMESPRAAK 8.

Can you give me anything to eat? *Kan jy my oek wat kos gé?*

Certainly, what would you like? *Ja seker, wat wil jy dan hé?*

I should like a cup of tea, and some bread and butter, and a boiled egg. *Ek sou wel graag 'n koppi té hé, en botterbrood, en 'n gekookte y'er.*

I am afraid there are no eggs to be had just now. *Ek frees ons kan net-nou gen y'ers kry ni.*

I can give you some tinned tongue or some sardines. *Ek kan fer jou 'n tinnetje tong gé, of sardiintjiis.*

Very well, I will have some sardines. Will tea be ready soon? *Dis oek goed, gê fer my dan mar sardiintjiis. Is di té gou klaar?*

Yes, the water is boiling in the kitchen. Do you object to condensed milk? *Ja, di water kook al in di kombuis. Hé jy iits tege gekondenseerde melk?*

I do not mind it if there is no other to be had. Then I suppose you have no fresh butter? *Dit kan my ni skeel ni, as jy ni anders het ni. Dan het jy seker oek gén ferse botter ni?*

No, there is only tinned butter. *Né, ons het alleen mar ingemaakte botter (or botter in blikkiis).*

At any rate the bread is good. *Di brood is ten minste goed.*

Yes, I made it myself. *Ja, ek het dit self gebak.*

I am very fond of home-made bread. *Ek hou als te feul fan y'e gebakte brood.*

Will you have some biscuits? *Wil jy oek beskuit hé?*

No, not anything more, thank you, your tea is very good. I feel quite refreshed. *Né, niks meer, danki, jou té is danig lekker. Ek foel my heeltemal opgeknapp.*

DIALOGUE 9.

SAMESPRAAK 9.

Will you tell me the names of some of the pieces of furniture in your house?

Seg fer my tog di name, assiblijf, fan 'n paar meubels in jou huis?

With pleasure. Let us begin with the dining-room. Here are the table and the chairs.

Met pelsiir, ons sal met di eet-kamer begin. Hiir is di tafel en di stoele.

What do you call that chair in the corner?

Watter noem jy di stoel daar in di hoeki?

That is an armchair. And this is the side-board.

Dis 'n leuningstoel. En daar is di syboord.

We have collected our furniture bit by bit. We keep our best things in the drawing-room.

Ons het ons meubels lank-samerhand saam-ge-breng. In di foorkamer het ons di beste neer-gesit.

What do you call this?

Watter noem julle dit-hiir?

That is the staircase.

Dis di trap.

Now we will go upstairs in the bedroom. This is the bed.

Nou kom ons bowe in di slaapkamer. Hiir is di kooi (or bed.)

What kind of clothes do you have on the beds here?

Watter soort fan beddegoed gebruik julle hiir?

Much the same as in *Nês in Engeland. Ons*
 England. We have *het kombêrse, lakens,*
 blankets, sheets, pil- *kussens, en 'n dekent o'er* X
 lows, and a counter- *alles heen.*

pane on the top.

Do you use a mattress or *Gebruik jy 'n matrás of 'n*
 a feather-bed? *fére-bed?*

Always a mattress; a *Altyd 'n matras; 'n fere-*
 feather-bed is too hot *bed is als te warm, en*
 and unhealthy. *oek ongesond.*

I see you have an English *Jy het 'n Engelse dressing-*
 dressing - table. Are *tafel siin ek. Word*
 they generally used *di feul hiir gebruik?*
 here? They are not *dis heeltemal ni Hol-*
 Dutch at all. *lans ni.*

No, the English have *Nê, di Engelse het di hiir*
 introduced them. We *ingefoer, ons find di reg*
 like them very much. *prettig.*

DIALOGUE 10.

SAMESPRAAK 10.

This horse is lame.

Di perd is kreupel (or
mank).

Look and see if he has a
 stone in his hoof.

Kyk mar eens of hy oek 'n
klippi in syn foet het.

Look out that he does not
 kick you.

Pas op dat hy jou ni skop
ni.

Lend me your knife. It
 has an instrument for
 taking out stones.

Leen fermijou mes. Daar
is 'n werktuig in om
klippiis uit te haal.

- Have you got it out ? *Het jy dit uitgehaal ?*
- Yes, he will be all right now. *Ja, dis alles reg nou.*
- Don't ride him too hard for a while. *Jy moet hom mar 'n tydji ni lat hardloop ni.*
- No, I will take good care of him. *Nê, ek sal wel goed fer hom sorre.*
- He has not been shod. *Hy is ni beslaan ni.*
- We never shoe horses in this country. *Ons beslaan di perde nooit ni.*
- That is very bad for their hoofs. *Dis danig sleg fer hulle poote.*
- It does not hurt them unless they are much in town where the roads are hard. *Dit kan hulle gén kwaad doen, as hulle mar ni feul in di stad kom ni waar di pade hard is.*
- Most horses run on the veldt, and that does not wear out their hoofs. *Di meeste perde loop in di feld, dit doen hulle poote gen kwaad.*
- Have all the horses been watered ? *Het al di perde water gehad ?*
- No, only these. *Nê, alleen mar hiir-di.*
- Take the rest down to the stream now. *Fat di andere nou saam na di spruit toe.*
- Do not let that horse drink while he is so hot. *Moeni di perd laat suip ni as hy so warm is.*
- Rub him down well first. *Wryf hom eers mar dugtig af.*

Have you bought those ponies of Mothibi's? *Het jy Mothibi's poniis gekoop?*

Yes sir, he will have the whole lot driven up for you to-morrow. *Jawel kommandant, hy sal jou morre di hele klomp lat stuur.*

How many are there? *Hoefeul is daar dan?*

Fifty head, sir. *Fyftig stuk, meneer.*

DIALOGUE 11.

SAMESPRAAK 11.

It is time to get up. The bugle has sounded. *Dit is tyd om op te staan. Di beu'el het geblaas.*

I did not hear it. *Ek het dit ni gehoor ni.*

Well, make haste, we have no time to lose. *Nou maak mar foort, ons het gén tyd te ferliis.*

I cannot get this buckle fastened. *Ek kan di gesp ni toe kry ni.*

There you are. Where are your spurs? *Dis al klaar. Waar is jou spore?*

I cannot find them. *Ek kan hulle ni finde ni.*

You are always losing your things. There they are, under the saddle-bag. *Jy ferliis altyd jou goed. Daar is hulle al, onder di saalsak.*

Have you seen my bridle? *Het jy myn toom oek gesiën?*

No, why can't you keep all your things together like the other fellows? *Né, waarom kan jy ni al jou goed saam hou nés di andere kerels*

- There it is, but it wants cleaning. Help me with this strap, like a good fellow. *Hiir is dit al, mar dit moet opgepoes word. Wees 'n goei kerel en help my met di riim hiir.* ✕
- We shall have to mount presently. *Ons moet net-nou opstyg.*
- I shall have to catch my horse. *Ek moet myn perd nog fang.*
- Why did not you kneehalter him last night? *Waarom het jy hom gisteraand ni gekniihalter (or geknelter) ni?*
- I did, but he's got loose somehow. *Ek het dit gedoen, mar hy is somerso losgeraak.*
- Make haste and get those horses fed. *Maak dat julle gou di perde kos gê.*
- Have you given this horse his oats? *Hê jy di perd syn hawer gegê?*
- Yes, sir, he has eaten them all. *Ja, baas, hy het dit heeltemal opgefreet.*
- Then give him some hay. What are you doing with that green stuff? *Gê hom dan wat hooi. Wat maak jy met di groene goed?* ✕
- You told me to give the horse some hay, sir. *Baas het fer my gesê ek moet di perd hooi gê.*
- That is not hay. I call it forage. *Dis ni hooi ni. Ek noem dit groen foer.*

We call it hay in our part of the country, sir. The commandant told us yesterday that there is no more pressed hay left.

By ons noem di mense dit hooi, baas. Di kommandant het gister fer ons gesé daar is gén droog hooi meer ni.

Oh! very well, but don't let him eat too much.

Goed, mar lat hom ni te feul freet ni.

DIALOGUE 12.

SAMESPRAAK 12.

Can you give me a room for to-night?

Kan jy my fer fannag oek 'n kamer gé?

We have only this small one vacant.

Ons het alleen nog mar di klyntji hiir leeg.

That will do. I want to go away by the Tarkastad post-cart.

Dis goed genoeg. Ek moet met di Tarkastad poskar saam ry.

Then you will want to be called early?

Dan moet jy seker froeg geroep worde?

When does it leave?

Wanneer ry di weg?

At six. You can have breakfast at half-past five.

Om ses uur. Jy kan net om half ses brekfis fat.

Where does the post-cart start from?

Waar ry di poskar af?

In front of the house.

Net foor di huis hiir.

Can I take any luggage with me?

Kan ek oek bagasi saam fat?

Have you any very large boxes? *Het jy oek baie grote koffers?*

No, only this trunk, a small box, and a hand-bag. *Nê, alleen mar di koffer hiir, 'n klyne kissi, en dan 'n tassi.*

That will be all right. Have you engaged your seat? *Dis al goed. Het jy jou plaas al geneem?*

No. I will do that to-morrow morning. *Nê, dit doen ek morre oggend wel.*

No, that will not do. You cannot go by the post-cart unless you take your place beforehand. *Nê, dit kan ni. Jy kan ni met di pos-kar saam gaan as jy jou plaas ni vooruit geneem het.*

Where do I take it? *Waar doen ek dit dan?*

The office is just across the road, at the railway station, you can see it from here. *Di kantoor is net anderskant di pad, by di stasi, jy kan dit hiir net mooi sien.*

Thank you, I will go at once. *Danki wel, ek gaan mar dalik.*

DIALOGUE 13.

SAMESPRAAK 13.

I want to find a good teacher for my children. *Ek moet 'n goeie onderwyseres fer myn kinders hê.*

Do you mean one who will come and live on the farm? *Meen jy imand di op di plaas kom woon?*

Yes, we cannot afford to send them away to school. *Ja, dit kos te duur om hulle na di skool te stuur.*

Is there none near you? *Is daar dan g n in jou buurt ni?*

No, the nearest is thirty miles away. *N , di digste is dertig myl fort.*

What do you want them to learn? *Wat wil jy dat hulle sal leer?*

To read and to write first. Then arithmetic and English, and I should like the girls to learn a little music. *Eers lees en skrywe. Dan oek rekenkunde en Engels: en dan moet di mysiis 'n bitji musiik leer.*

But the elder ones can read, surely? *Mar di ouste kan tog seker wel lees?*

Yes, I taught them that, and their catechism. But I have no time to attend to them properly now. *Ja, dat het ek hulle goed geleer, en di frahoeki oek. Mar nou het ek gen tyd ni om hulle te leer.*

I know of a lady who has lately come out from England, and who is looking for a situation. *Ek weet 'n miss wat pas uit Engeland gekom het, en 'n betrekking soek.*

Perhaps she would not care to go so far into the country. *Maskii wil sy liwers ni so wyd in di binneland gaan ni.*

I do not think she would mind. *'K glô ni dat sy daar teen sal hê ni.*

You know we live very quietly. Can she speak Dutch at all? *Ons lewe mar heel stilletjiis, soos jy weet. Kan sy oek al wat Hollans praat?*

She can already speak a little. *Sy kan al soon bitji mee praat.*

That is good, for you know I am not very good at English myself. *Dis oek al goed, want jy weet ek kan ni feul fan di Engels ni.*

I will write to my friend if you like, this very day. *As jy dit goed fin dan skryw ek fandag nog an myn frindin.*

Yes, do please. *Ja, assiblijf, doen jy dit mar.*

DIALOGUE 14.

SAMESPRAAK 14.

How far is it to Villiers-dorp? *Hoe fer is dit na Filliers-dorp toe?*

About 75 miles. *Byna 75 myle.*

Can you go there by train? *Kan jy daar met di spoortryn na toe kom?*

No, you can only go as far as Cradock. Then you must take the post-cart to Villiersdorp.

Né, jy kan mar net tot Cradock gaan. Dan moet jy ferders di pos-kar fat, na Filliersdorp.

The place I want to go to is beyond Villiersdorp; it is a farm called Goodferwagting.

Di plek waar ek na toe moet lê buite Filliersdorp; dis 'n plaas di hiit Goed-ferwagting.

I have heard of it; it is Mr Vanderplank's is it not?

Daar het ek wel fan gehoor; di is fan Meneer Vanderplank ni waar?

Yes, how far is it from Villiersdorp?

Ja, hoe fer is dit dan fan Filliersdorp af?

I do not know how many miles, but it takes about half a day to get there.

Ek weet ni hoe feul myle dit is ni, mar dit neem amper 'n halfe dag om daar te kom.

Does the post-cart go there?

Gaan di pos-kar daar na toe?

No, it goes only as far as Meyer's store, on the Queenstown road. If Mr Vanderplank is expecting you, I suppose he will send a cart to meet you there.

Né, dit gaan mar tot Meyer syn winkel, op di pad na Queenstad. As Meneer Vanderplank jou ferwag, dan sal hy seker wel 'n kar stuur om jou daar af te haal.

I have written to tell him
I am coming. I shall
not know till I have his
answer.

*Ek het fer hom geskryw dat
ek kom. Ek sal ferders
niks weet ni foor ek syn
antwoord kry.*

DIALOGUE 15.

SAMESPRAAK 15.

Piet, the mistress wants
you.

*Piet, juffrou het fer jou
geroep.*

I am coming. Good
morning ma'am.

*Ek gaan al. Goeie morre
noi.*

Piet why have these paths
not been swept? Look
how untidy they are.

*Piet, waarom is di pade
hiir ni opgefeeg ni?
Kyk tog hoe slordig di
uitsiin.*

It is that lazy boy, Jantje,
ma'am. I told him to
do it this morning.

*Dis di skuld fan di luie
jong, Jantji, noi. Ek
het fer hom gesê om dit
fanoggend te doen.*

You ought to have stayed
to make him do it.

*Jy sou gebly hé, om natesiin
dat hy dit doen.*

And I told you to prune
those rose-trees. Why
have you not done it?

*En ek het fer jou gesê om
di rose-bome te snoei.
Waarom het jy dit dan
ni gedaan ni?*

I forgot, ma'am.

Ek het fergeet, noi.

Bring your knife, and do
it now.

*Breng jou mes saam en
doen dit nou.*

- I want this bed dug up to sow vegetables in. *Dit perki moet omgegraaf worde om groente daarin te saai.*
- Do not forget to water the flowers this evening. *Moeni fergeet ni om di blomme fanaand te begiit.*
- Have you fed the fowls? *Het jy di hoenders al kos gegê?*
- Yes, ma'am, I have just done it. *Ja, noi, ek het dit net-nou gedoen.*
- How many chicks are there just now? *Hoefeul kuikentjies het ons nou?*
- There ought to be fifty-two ma'am, but there are only thirty-five out of six broods. *Ons moes yntlik twe en fyftig hê noi, mar ons het mar net fyf en dertig uit ses broeisels.*
- What has become of the others? do the hawks take them? *Waar is di ander dan tog gebly? freet di hafiks hulle op?*
- Yes, ma'am, there is one that comes every morning at the same time. I wish you would ask the master to shoot it. *Ja, noi, een kom alle oggend op diselfde tyd. Wil noi an di baas frâ, of baas hom wil dood skiiit?*
- Very well, I will do so. *Nou dis goed, ek sal dit doen.*

DIALOGUE 16.

SAMESPRAAK 16.

Good morning, sir.

Goeie morre, meneer.

Good morning, do you want to speak to me?

Morre, wou jy my spreek?

I am Mr Van Niekerk's boy, sir, and he sent me to ask you if you can lend him a book.

Ek is Baas Van Niekerk syn jong, meneer, en baas het fer my gestuur om meneer te fra of jy fer hom 'n boek wil leen.

Very willingly ; but what has happened ? Your master is generally too busy to read.

Met pelsiir ; mar wat is dit dan tog ? Jou baas het gewoonlik feuls te feul te doen om te lees.

The master is in bed, sir. The young horse kicked him yesterday, when we were harnessing him.

Baas leg te bed, meneer. Di jonge perd het fer hom gister geskop as ons hom wou optuig.

That is bad. Is he much hurt ?

Dis kwaai. Het hy sig erg beseer ?

He cannot stand, but the doctor says his leg is not broken. He will be all right in a week or two if he is careful.

Hy kan ni staan ni, mar di meester (or dokter) sê syn been is ni gebreek ni. Hy sal in 'n paar weekiis weer in orde wees, as hy fersigtig is.

Well, I will lend him all the books he wants if he does not mind their being English books. I have no Dutch ones.

Wel, ek sal fer hom graag al di boeke leen wat hy mar wil, mar hy moeni naar fin ni dat hulle allemaal Engels is. Ek het heel gën Hollanse ni.

The master said, sir, I was to tell you he will be very glad of some English books.

Baas het gesê, meneer, ek moes fer meneer sê dat baas graag Engelse boeke wil hê.

All right, then you may take these, and tell Mr Van Niekerk I will ride over this afternoon, and see how he is.

Dis oek al goed, jy kan di hiir mar saam neem, en sê fer meneer Van Niekerk ek sal agtermiddag uitry en fer hom kom sien.

DIALOGUE 17.

SAMESPRAAK 17.

You must go to the store, Jan.

Jan, jy moet na di smeerwinkel toe.

Shall I go at once, ma'am?

Moet ek nou dalik gaan, noi?

No, not till you have finished washing up the dishes.

Nê jy moet eers di skottelgoed klaar was.

I have nearly finished, ma'am.

Ek het amper daarmee klaar, noi.

Here is the list of things I want.

Hiir is di lyssi fan alles wat ek nodig hê.

You must give it to the man, and see he gives you all the things correctly.

Jy moet dit an di klerk gé, en goed toekyk dat hy fer jou alles goed (reg) gé.

Am I to bring the things back with me ? *Sal ek di goed saam bring huis-toe ?*

Yes, there will not be more than you can carry. One pound of tea, two pounds of coffee, three pounds of sugar, a packet of salt, a tin of jam, two ounces of pepper, two ounces of cinnamon, a bottle of essence of cloves, a packet of starch, and two packets of corn-flour. Can you remember all that ? *Ja, jy kan dit maklik saam bring. Een pond té, twe pond koffi, dri pond suiker, een pakki sout, 'n tinnetje jam, twe ons peper, twe ons kaneel, een flessie kruina'el essens, 'n pakki styfisel, en twe pakkiis maïsen.*

I think so, ma'am. That will be eleven packages. *Ja, dit sal wel gaan, noi. Dis net elf pakkiis.*

Do not forget to bring the paper back with you. *Moeni fergeet ni, om di papiertjie terug te bring.*

Do you want me to go anywhere else, ma'am ? *Wil juffrou ek sal nog ergens anders oek gaan ?*

Yes, I want you to take this note to the minister. *Ja, jy sal di brief hiir by di predikant bring.*

Is there an answer, ma'am ? *Is daar oek 'n antwoord op, noi ?*

No, you need not wait. And come home as quickly as you can. *Né, jy hoef ni te wag ni. En maak dat jy so gou molik weer huis-toe kom.*

DIALOGUE 18.

SAMESPRAAK 18.

What work can you do ?

Watter soort fan werk kan jy doen (or maak) ?

I can cook, wash and iron.

Ek kan kook, was en stryk.

Can you make bread ?

Kan jy ook brood bak ?

Yes, ma'am.

Jawel, juffrou.

Do you understand house-work ?

Kan jy ook huis-werk doen ?

I have been accustomed to sweep and scrub, make the beds, tidy the rooms and dust the furniture.

Ek is gewoon om te feeg en te fyl, bedde opte maak, kamers reg te sit, en di meubels af te stof.

Was it a large house ?

Was dit 'n grote huis ?

There were five bedrooms, and seven beds to make every morning. I had to wait at table too, and fetch all the water for the bath.

Daar was vyf slaapkamers en alle oggend sewe bedde op te maak. Ek moes oek an tafel diin, en al di water haal fer di bad.

You would not have to do that here ; there is water laid-on in the bath-room.

Jy hoef dit hiir ni te doen ni, ons het di water angelyd in di badkamer.

The boy who cleans the knives and boots, carries the water for the bedrooms. I have a cook

Di jong wat di messe en di stewels skoonmaak bring di water fer di slaapkamers. Ek het al 'n

and a table-boy ; it is a housemaid I want, and if she can wash and iron so much the better.

*kok en 'n tafel-jong ;
ek moet 'n werkmyd
hê, en as sy oek kan
was en stryk, so feuls te
beter.*

Do you want a nurse-maid ma'am ?

*Soek juffrou oek 'n kinder-
myd ?*

Yes I do, do you know of one ?

Jawel. Weet jy er een ?

My cousin is looking for a place. She has been for three years at Dr Anderson's.

*Myn niggi soek 'n betrek-
king. Sy het dri jaar
by Dr Anderson saam
gewees.*

And why is she leaving ?

*En waarom gaan sy dan
weg ?*

Because Mrs Anderson is going to England with the children.

*Omdat juffrou Anderson
met di kinders na
Engeland gaan kuier.*

Well, you can tell her to come to see me to-morrow afternoon.

*Nou goed, sê fer haar, sy
kan morre agtermiddag
by my kom praat.*

DIALOGUE 19.

SAMESPRAAK 19.

Have you heard that the Van Reenens have a new English teacher coming ?

*Het jy al gehoor dat di Van
Reenens 'n nuwe Engelse
onderwyseres kry ?*

No, I did not know it. Will she be here soon ?

*Nê ek het daar nog niks
fan gehoor ni. Kom sy
al gou ?*

- They think she will arrive next week. *Hulle denk dat sy in di follende week ankom.*
- Will she teach any other children besides theirs? *Sal sy oek nog ander kinders leer, behalwe di fan hulle?*
- Mrs Van Reenen is going to ask all the neighbours to send theirs, so that they can all learn together, and the parents will share the expense. *Juffrou Van Reenen gaan fer al di bure frâ, om hulle kinders te stuur, om almal saam te leer, en di ou, ers ferdeel dan di koste tusse hulle.*
- I will certainly send mine. Only yesterday I said to my husband that it is a shame they should grow up without an education. *Ek stuur myn kinders seker saam. Gister het ek nog teen myn man gesê, dis skande dat hulle sonder opfoeding opgroeï.*
- Yes, but what can we do, when there is no school within reach? *Ja mar, wat kan ons daaran doen, as daar gën skool in di buurt is ni?*
- That is just what he said. I am so glad to hear about this English lady. Is she very clever? *Dis net wat myn man sé. Ek is so bly te hoor fan di Engelse dame. Is sy baing knap?*
- They say so. She plays and sings beautifully. *Hulle sé fan ja. Sy speul en sing als te pragtig.*
- Well, well; I should like Sannie and Minnie to learn music. *Nou dis goed; ek wou wel graag dat Sanni en Minni musiik sou leer.*

But I hope she will not teach them to look down on their parents, and think themselves too good for house work.

Mar ek hoop tog sy sal hulle ni leer ni, om op hulle ou'ers neer te siin, en te denk dat hulle bowe alle huiswerk is.

I do not think she will; for I am told she is a very good and very sensible woman.

Né, dit sal sy ni doen ni; want ek het gehoor, sy is 'n goeie en ferstandige vrou.

DIALOGUE 20.

SAMESPRAAK 20.

How old are you?

Hoe oud is jy?

I am forty-seven.

Ek is sewe-en feertig jare oud.

Have you always lived here?

Het jy altyd hiir gewoon?

I have lived here ever since I was married.

Ek het hiir gewoon so lank as ek getroud is.

What is your native place?

Wat is jou geboorteplek?

I was born at Graaf Reinet.

Ek is in Graaf Reinet gebore.

Are your parents still living?

Lewe jou ou'ers nog?

Yes. My father is seventy-nine, and my mother seventy-two.

Ja, myn pa is nege en sewetig jaar, en myn ma twe-en sewetig.

Do they still live at Graaf Reinet?

Woon hulle nog altyd in Graaf Reinet?

Yes, they are still in the same house which my grandfather built. *Ja, hulle woon nog in di selfde huis wat myn ou-pa gebou het.*

Do you never go away? *Ga jy nooit hiir fandaan ni?*

I have been twice to Capetown, and we sometimes go to visit the old people, but not often, the journey is too long with all the children. *Ek is twe maal na di Kaap toe gekuier, en soms gaan ons di ou'mense siin, mar ni als te dikkels ni; di rys is te lank met al di kinders.*

How many children have you? *Hoe feul kinders het jy?*

Nine; six boys and three girls. *Nege, ses jongetjiis, en dri mysiis.*

DIALOGUE 21.

SAMESPRAAK 21.

Have you any brothers and sisters? *Het jy ook broers en susters?*

I have three sisters and two brothers living. *Ek het dri susters en twe broers in léwe.*

Where do they live? *Waar woon hulle?*

One of my brothers is a schoolmaster, and lives at Malmesbury in the Western Province; the other has the next farm to this. *Een fan myn broers is skoolmeester en woon in Malmesbury, in di West-provinsi, di ander het di plaas hiir naas.*

We passed a house before we came here, is that his? *Ons het 'n huis ferby gekom as ons hiir na toe kom, is dit di syne?*

Yes, you can see it from here if you go to the top of the hill over there. *Ja, jy kan dit hiir fandaan mooi siin as jy daar bowe op di kop gaan staan.*

And where do your sisters live? *En waar woon jou susters?*

The eldest is married to an Englishman, and lives near Greytown, in Natal. *Di ouste is met 'n Engelsman getroud en sy woon by Greytown in Natal.*

Has she any children? *Het sy ook kinders?*

She has seven, the eldest is fifteen years old. *Sy het sewe, di ouste is fyftiën jaar oud.*

My second sister has married a farmer who has gone to settle in Ngamiland. *Myn tweede suster is met 'n boer getroud wat na Ngamiland getrek het.*

Where is that? *Waar is dit dan?*

It is far away to the north beyond Khama's country. *Dis fer na di Noorde toe, ferder nog as di Khama syn land.*

But surely that is all desert? *Mar dis tog net alles woestyn ni waar?*

We used to think so, but they say it is good *Ons het froeger oek so gedenk, mar hulle sê,*

land for cattle, if it
can be irrigated, and
they are going to try
that.

*dit is goeie land fer di
beeste, as hulle mar
wateraars kan kry en
dat gaan hulle nou
perbeer.*

A number of people have
gone there lately.

*'N grote party mense is
kort gelê daarheen
getrek.*

And your youngest
sister?

En jou jongste suster?

She is studying at the
Huguenot Seminary at
Wellington.

*Sy studeer an di Hugenote
skool in Wellington.*

I have seen that college;
it is a very good one.
What is she going to
be?

*Ek het di skool gesiën, dis
'n baie mooië inrig-
ting. Wat sal sy
worde?*

She wants to be a teacher.

*Sy wens onderwyseres te
worde.*

DIALOGUE 22.

SAMESPRAAK 22.

Has the washerwoman
come?

Is di wasfrou gekom?

Yes, ma'am, she is here.

Ja, juffrou, sy is al hiir.

Tell her to come to me.

*Sê fer haar, dat sy by my
kom.*

Good morning, ma'am.

Goeie morre, noi.

Good morning, Sannie, *Goeie morre, Sanni, het*
 have you done all the *jy al di goed klaar*
 clothes? *gemaak?*

It is not all finished yet, *Né nog ni alles ni, noi.*
 ma'am. You sent me *Jy het als te feul gestuur*
 so much this time. The *dees keer. Di hemde*
 gentleman's shirts are *fan di baas is nog ni*
 not finished yet, I have *klaar ni. Ek moet di*
 to iron them still. *eers nog stryk.*

There is too much starch *Daar sit als te feul styfsel*
 in these things. How *in di goed. Ek het fer*
 many times have I told *jou dit al dikkels genoeg*
 you that? *gesé?*

Oh, ma'am, the things are *Ag, noi, di goed is niks*
 not nice if there is no *mooi ni, as daar gën*
 starch in them. *styfsel in sit ni.*

I did not say I wanted *Ek het ni gesé ni dat ek*
 no starch, but you put *heeltemal gën styfsel wil*
 in far too much. The *ni, maar jy het feuls te*
 collars are as hard as *feul daarin gesit. Di*
 iron. They hurt one's *boordjiis is nes yster so*
 neck. *hard. Hulle maak di*
 nek seer.

I won't do it again, *Ek sal dit ni weer doen ni,*
 ma'am. *noi.*

Let me see how you have *Laat fer my tog siin hoe*
 ironed my linen dress. *jy myn linne dres*
 That is very good. *gestryk het. Dis netjiis*
 But look, these hand- *gemaak. Mar kyk nou,*

kerchiefs are full of holes. You have been rubbing them on the stones.

di sakdoekiis is fol gate. Jy het di op di klippiis gewryf.

Oh no, ma'am, the holes were in them when you sent them.

Ag né, noi, di gaatjiis het daarin gewees, as juffrou di doekiis fer my gestuur het.

Sannie, Sannie, do speak the truth ! They were new handkerchiefs. I only bought them three weeks ago. I must give the clothes to someone else if you do this again.

Sanni, Sanni, praat tog di waarhyd. Dit was nuwe sakdoekiis. Ek het di amper dri weke gelé gekoop. Ek sal di goed an imand anders gé, as jy dit weer so maak.

Oh, ma'am, every one does the same. All the women wash in the river, and they must use the stones to get the dirt out of the things.

Ag, noi, ons doen dit almal. Al di frouens (myde) was hulle goed in di riviér, en ons moet di klippiis gebruik om di dinge skoon te kry.

No, no, that is not necessary. If you use plenty of soap and rub well with your hands, the things will be quite clean.

Né, né, dis heel ni nodig ni. As julle mar genoeg seep gebruik en goed met julle hande wryf, dan sal alles mooi skoon kom.

But you are all too lazy and too impatient, you do not care to take time, and so you spoil my things by pounding them with stones.

Mar julle is almal te lui en te ongeduldig, julle wil ni genoeg tyd neem ni, en daarom bederwe julle myn goed omdat julle dit met klippiis slaan.

DIALOGUE 23.

SAMESPRAAK 23.

Good morning, sir. I have heard that you want a boy to work here.

Goeie morre, baas. Ek het gehoor baas soek 'n jong om hiir te werk.

Who told you to come?

Wi het fer jou hiir na toe gestuur?

Mr Smith, sir, at the store. He gave me a note for you.

Meneer Smith, baas, fan di winkel. Hy het fer my 'n briifi fer baas gegé.

What is your name?

Wat is jou naam (or hoe heet jy)?

Jan Bantji, sir.

Jan Bantji, baas.

I see Mr Smith says you have worked for him over two years, in the house and in the store. Can you look after horses?

So, ek siin al, Meneer Smith sé dat jy meer as twe jaar by hom gewerk het, in di huis en in di winkel. Kan jy perde oppas?

Yes, sir. Before I was with Mr Smith I was

Ja wel baas. Foor ek by Meneer Smith gekom,

horse boy to Mr Van Rooyen, the Magistrate; but Mr Smith had a boy in the stable already, and he wanted me in the store, because I can read and write.

was ek perdejong by Meneer Van Rooyen, di Magistraat; maar Meneer Smith had al'n jong in di stal, en hy had my in di winkel nodig om dat ek kan lees en skryw.

Oh, you can, can you? I don't like boys who can read and write; they are no good. They read letters that don't belong to them and are quite capable of forging their master's name.

So, kan jy dat? Ek hou ni fan jongens ni wat kan lees en skryw. Hulle is altemal deugniits. Hulle lees briwe wat ni fer hulle is, en hulle is ook danig goed in staat om di naam fan hulle baas te ferfals.

Mr Smith will tell you, sir, that he found me honest.

Meneer Smith sal fer baas sê, dat ek altyd eerlik gewees is.

Well, if they are not dishonest they are lazy, and think themselves too good for their work. No, no — no school kaffirs for me.

Nou ja, as hulle dan ni oneerlik is ni, dan is hulle lui en foel hulle als te goed fer hulle werk. Né, hoor, ek wil gén skoolkaffers hé ni.

Then I shall not suit you, sir, good-day.

Dan sal ek fer baas ni deug ni. Dag baas.

Wait a minute. Your late master gives you a very good character. Why are you leaving?

Wag nog 'n rukki. Jou forige baas gé fer jou 'n regte goeie getuigenis. Waarom ga jy weg?

Because Mr. Smith is going away to Mashonaland, sir.

Omdat Meneer Smith na Masonaland gaan trek.

When does he leave?

Wanneer gaan hy weg?

On Monday, sir.

Maandag, baas.

Well, I will see him and make further inquiries. You may come again to-morrow at the same time. Good-morning.

Goed, ek sal fer hom gaan siin en ferder na jou frá. Jy kan mar morre om dees tyd terug kom. Goeie morre.

Good-morning, sir, and thank you.

Dag baas, danki.

DIALOGUE 24.

SAMESPRAAK 24.

How do you do, sir?

Hoe faar jy meneer?

How are you, Mr Smith.

Hoe gaan dit met jou meneer Smith? Ek is jammer om fer jou fan-middag te stoor in jou foorberydings fer jou fer-trek. Mar ek sal fer jou ni lank ophou ni.

I am sorry to disturb you this afternoon, in the midst of your preparations for leaving, but I will not detain you long.

Don't mention it. Won't you sit down. What

Dis niks ni. Gaan tog mar sit. Wat sal jy

will you take? Klaas,
bring the brandy and
soda-water.

*gebruik? Klaas, bring
di brandewyn en soda-
water saam.*

No, thank you, I won't
take anything. I came
to ask you about a boy
of yours, who came to
me, looking for a place.

*Né, danki. Ek wil niks
ni. Ek kom alleen mar
fer jou frå om inligting
ofer 'n jong fan jou wat
by my 'n stelling kom
soek.*

Oh, I know, Jan Bantji,
a very decent fellow.
He has been with me
over two years.

*Jawel, ek weet al, Jan
Bantji, 'n heel fatsoen-
like kerel. Hy het
meer as twe jaar by my
gewees.*

And you always found
him honest and trust-
worthy?

*En was hy altyd eerlik en
betroubar?*

Always. I have often had
to go away, and leave
the store in his charge,
and never missed the
smallest thing.

*Ja, altyd. Ek moes dik-
kels fan huis, en het
di hele winkel an hom
o'ergelaat mar ek het
nooit di klynste dingetji
gemis ni.*

And he is industrious?

En is hy ook yferig?

Oh, yes—works just as
well when you are not
there as when you are.

*Ja seker, en hy werk net
glad so goed of jy daar
by is, of ni.*

You gave him a very good
character, but when I

*Jy het fer hom 'n heel
mooie getuigenis gegê,*

found he could write—
well, I thought he
might have written it
himself.

*mar toen ek hoor hy kan
skryw—nou ja ek dog
maskii het hy di briif
self geskryw.*

No, you may be quite
easy about that. If
you engage Jan Bantji,
you will find him a
very trustworthy and
useful man.

*Né, jy kan daar mar gerus
op wees. As jy fer Jan
Bantji huur, dan sal jy
siin dat hy 'n betroubar
en nuttige jong is.*

Do you think Jan is to
be trusted with horses?

*Gló jy, dat Jan goed op
perde kan oppas?*

Certainly. He under-
stands them thoroughly
and is very gentle
with them.

*Ja seker. Hy weet daar
alles fan, en hy is sag
in syn omgang met
hulle.*

Horses require a great
deal of care in this
country.

*Perde hê danig feul sorg
nodig hiir.*

They do. You are for-
tunate if you have not
lost any yet.

*Ja, dis oek waar. Jy
mag fan geluk praat, as
jy nog gén een ferloor
het ni.*

I have not had mine very
long, but they seem all
right so far.

*Ek het di myne nog ni als
te lank gehad ni, mar
hulle siin goed uit tot
nog toe.*

How many have you?

Hoe feul perde het jy?

Two Basuto ponies.

Twe Basuto poniis.

They are stronger than imported horses, but you will have to take care. You should never leave them out at night, and never let them graze before the dew is off the grass in the morning. If you have Jan to look after them, you can trust him to see to that.

Di is sterker as ingevoerde pêrde, mar jy moet tog fersigtig wees. Jy moet hulle nooit snags buite laat bly ni, en nooit laat graas ni, foor dat di dou morrens fan di gras af is. As Jan fer jou goed sorg dan sal hy dit alles wel reg sit.

May I ask what wages you have been giving Jan?

Mag ek fer jou frå hoe feul huur jy fer Jan gegê het?

Fifteen shillings a month and his food.

Fyftiin skellings in di maand en dan syn kos.

Oh, I do not understand that sort of arrangement. I would rather give him more and let him find himself.

Ag mar soon skikking kan ek glad ni ferstaan ni. Ek gé hom liwers wat meer en laat hom syn y'e kos fat.

Of course you can do as you like about that.

Jy kan dit maar net skik soos jy wil, natuurlik.

DIALOGUE 25.

SAMESPRAAK 25.

Good morning, Mrs Richards; I am riding to town to-day, and I

Goeie morre, Juffrou Richards; ek ry fandag stad-toe en ek kom frå

called to ask if you have any letters for the English mail.

of jy ook briwe het fer di Engelse mail.

Thank you, Mr Coetzee. I shall be very much obliged if you will take them, as we cannot spare a boy to-day.

Danki, baas Coetzee. Dis als te frindelik as jy di saam wil fat; ons kan fandag g n jong mis ni

Can I do anything else for you?

Kan ek oek nog wat anders fer jou doen?

If the mail is in, you might ask if there are any letters for us at the post-office.

As di mail angekom is wil jy dan by di poskantoor fr  of daar oek briwe fer ons is?

I shall not pass this way coming back, but I will send a boy with them in the morning if there are any.

Ek kom hiir ni weer ferby ni, as ek huis-toe kom, mar as daar briwe is, sal ek di morre oggend met 'n jong saam stuur.

Thank you, that will do very well. Here are the letters for the post.

Danki wel, dis oek goed. Hiir is di briwe om in di pos te sit.

One, two, three; all right. I will take care of them.

Een, twe, dri; dis al goed. Ek sal wel daarvoor sorre.

I have no stamps, will you get me some and put them on?

Ek het g n stempes ni, wil jy fer my 'n paar koop, en op di briwe sit?

- Certainly. Never mind the money, I will tell you how much they are when I see you again. *Ja seker. Di geld maak niks. Ek sal fer jou wel sê hoeveul dit is as ek jou weer siin.*
- What stamps must I put on these letters? *Watter stemp moet ek op hiir-di briewe sit?*
- These for England will be a penny each. Wait a minute; this one is overweight. You must pay 2d. for it. *Di fer Engeland kos ider 'n oulap. Wag 'n bitji; hiir-di is te swaar. Jy moet daarvoor twe oulap betaal.*
- How much can you send for a penny? *Hoefveul kan jy stuur fer een oulap?*
- Only half an ounce. *Mar 'n half onsi.*
- This one for Delagoa Bay will be 2½d. That makes 8½d. altogether. *Daar-di fer Delagoa Baai kos twe en 'n half oulap. Dis alles saam 8½d.*
- Can you give me change for half-a-crown? *Ken jy fer my 'n halve kroon wissel?*
- Here it is. One and nine-pence-halfpenny. *Hiir is dit. Een skelling en nege en 'n half oulap.*
- Where must I post these letters? *Waar moet ek di briewe in di pos sit?*
- You can put them into that box just inside the door. *Jy kan di mar in di bus sit net binne by di deur.*
- Will they be in time for the English mail? *Is hulle tyds genoeg fer di Engelse mail?*

- Yes, it does not leave till to-morrow. *Jawel, di gaan pas morre weg.*
- Are there any letters for Mrs Richards of Richards' Vley? *Is daar oek briwe fer Juffrou Richards fan Richards' Fley?*
- I will look. Yes, there are seven letters and five newspapers. Will you take them with you? *Ek sal eens kyk. Ja, daar is sewe briwe en vyf koerante. Wil jy di saam fat?*
- Yes, I am riding out again this evening. Do you mind putting them into the saddlebag for me? *Ja, ek gaan fanaand weer huis-toe ry. Wil jy di fer my in di saalsak sit?*
- Are you Mr Dirk Coetzee of Henningshoek? *Is jy oek baas Dirk Coetzee fan Henningshoek.*
- No, I am his brother, Hendrik Coetzee. You don't mean to say there are any letters for him? *Né, ek is syn broer, Hendrik Coetzee. Jy meen tog seker ni, dat daar briwe fer hom is?*
- Yes, here are two. Will you take them too? *Ja, hiir is twe. Wil jy di oek saam fat?*
- Thank you. I should never have thought of asking. We hardly ever get any letters. *Danki wel. Ek sou nooit gefrá hê ni. Ons kry amper nooit gën briwe ni.*